## VERNUWING VAN ONDERRIGMETODES

### I. *Inleiding*

Geen departement van Geskiedenis aan 'n universiteit wil en kan t.o.v. die onderwys van geskiedenis op skool, afsydig staan nie. Nog minder kan hulle veroordelend staan, want daar is 'n noodwendige kringloop van die skool na die universiteit, van die universiteit na skool en terug na die universiteit. Daar is dus van die laagste standaard op skool tot die hoogste graad aan die universiteit 'n eenheid in die onderwys van die geskiedenis, wat nie ontken mag word nie, en wat nie kunsmatig verdeel mag word nie. Hoe gouer hierdie eenheid en onderlinge aanhanklikheid besef en aanvaar word, hoe gouer sal ons kom tot 'n verenigde front in ons stryd om die uitbouing van ons vak, tot 'n wederkerige bevrugting en tot die bereiking van 'n gemeenskaplike ideaal.

Wanneer ek dus vir die vernuwing van onderrigmetodes gaan pleit doen ek dit onder geen omstandighede uit die veronderstelde universitêre meerderweterigheid nie. Ek doen dit as pleitbesorger vir geskiedenis oor die ganse linie en met die volle bewustheid dat ek self soekende is en voortdurend met nuwe metodes aan die eksperimenteer is.

In my pleidooi vir 'n vernuwing van die onderrigmetodes of mag ek dit noem *'n nuwe benadering van die onderwys van geskiedenis* sal u my dan veroorloof om ook die universiteit te betrek. Ek wil dus praat oor:

(1) die noodsaaklikheid van vernuwing;

(2) 'n beter opleiding van en 'n volgehoue studie deur onderwysers as voorvereiste vir vernuwing van metodes, en

(3) onderrigmetodes.

### II. *Die noodsaaklikheid van vernuwing*

Die onderwys van geskiedenis kan nie van die algemene onderwysstelsel losgemaak word nie. Wanneer dus oor die noodsaaklikheid van die vernuwing van die onderrigmetodes van geskiedenis gepraat word, kan 'n mens jou nouliks daarvan onthou om oor die vernuwing van die onderwysstelsel te praat, want dit is haas onmoontlik om *een* ledemaat van 'n ou liggaam met 'n jeugdige te vervang. Maar ek onthou my daarvan en probeer om die nuwe benadering binne die bestaande onderwysstelsel te soek.

Die noodsaaklikheid vir vernuwing van ons onderrigmetodes moet in 'n verskeidenheid van faktore gesoek word. Allereers die onderwys dien die gemeenskap en die gemeenskap is nooit staties nie, maar dinamies, lewend, ontwikkelend. Daarom moet die onderwys van die geskiedenis, wat per slot van rekening die verhaal van hierdie menslike dinamiek is, aan 'n voortdurende vernuwing onderworpe wees. Geen onderrigmetode in die geskiedenis mag dus as volmaak, as volledig ontwikkel, as afgedaan beskou word nie.

Nog meer: Die kalme, rustige, landelike milieu waarin ons onderwys en ons geskiedenisonderrig sy beslag gekry het, is verby. Ons lewe in 'n periode van *sturm und drang.* Die woorde van 'n Amerikaanse opvoedkundige i.v.m. die Amerikaanse volk is tans ook van toepassing op ons: „This nation has been propelled into a challenging new educational era since World War II by the convergence of powerful forces — an explosion of knowledge and population, a burst of technological and economic advance, the outbreak of ideological conflict and the uprooting of old political and cultural patterns on a worldwide scale, and an unparallelled demand by Americans for more and better education."

Oor elkeen van hierdie magte in ons eie land kan lank en vrugbaar uitgewei word, maar kortliks net dié volgende.

(1) *Die ontploffing van menslike kennis en veral historiese kennis.* 'n Mens kry die gevoel dat in die afgelope vyftig jaar meer geskiedenis gemaak is as in die vorige drie eeue. Dit bring mee die noodsaaklikheid van 'n nuwe evaluering van die inhoud van ons leerplanne, van die verskuiwing van dié klem op individuele gebeurtenisse na grotere strominge wat die HEDE vir ons verklaar en sinvol maak. Ons is genoodsaak om van standplaas in die historiese arena te verander om sodoende die perspektief te behou, om op die historiese spitspunte te staan sodat ons nie deur die vloed van gebeurtenisse oorspoel word nie en ons ons uitsig totaal verloor nie.

(2) *Die tegnologiese, industriële en ekonomiese vooruitgang* gaan gepaard met 'n verbysterende en skouspelagtige vooruitgang van die sogenaamde suiwer wetenskappe. Hulle eis vir hulle prioriteit in die onderwys en in die finansiëring daarvan op. Die geesteswetenskappe en veral die geskiedenis word bedreig met ondergeploeg te word, omdat dit geen duidelike utiliteitswaarde het nie en omdat sy vormende krag vir die persoon en die volk misken word. Dit word dus nodig dat ons die geskiedenisonderrigmetodes vaartbelyn en moderniseer.

(3) Die ideologiese konflik dreig om ons politieke en kulturele patrone totaal omver te werp, en die teenmiddel teen hierdie bedreiging lê in 'n groot mate in die behoud en uitbouing van die onderwys van geskiedenis, want, so skryf 'n Amerikaanse historikus, Carl Becker: „The value of History is, indeed, not scientific, but moral; by liberalizing the mind, by deepening the sympathies, by fortifying the will, it enables us to control, not society, but ourselves; it prepares us to live more humanely in the present and to *meet* rather than to foretell, the future."

So staan ons dan ten opsigte van die onderwys van geskiedenis voor 'n ontsettende uitdaging wat ons nie meer met verouderde wapens kan aanvaar nie. Sulke moderne omstandighede vereis moderne metodes, 'n vernuwing van metodes, en daarmee kom ek by my tweede punt.

### III. *'n Beter opleiding van en 'n volgehoue studie deur onderwysers is 'n voorvereiste vir 'n vernuwing van onderrigmetodes*

#### A. *Beter opleiding*

Ons moet onsself aan die veranderde omstandighede toets, ons moet ons kennis toets aan die eise wat die geweldige toename in menslike kennis, die kompleksiteit van menslike, rasse- en internasionale verhoudinge aan ons stel, want ons as historici staan tog daar as die verklaarders, as die interpreteerders van hierdie situasies. Wanneer ons die moed het om onsself so te toets, dan wil ek my verstout om te sê dat ons opleiding nie meer aan die eise van ons taak voldoen nie, en dat sekerlik een van die belangrikste struikelblokke in die weg van 'n vernuwing van ons onderrigmetodes geleë is in 'n gebrek aan diepgaande kennis, 'n onvermoë om die geskiedenis te begryp en te beleef. Dit sê ek nie ter verkleinering, ter veroordeling van die geskiedenisonderwyser nie, want niemand is meer bewus van sy eie gebrek aan kennis as ek nie, en niemand is meer bewus van die probleme waarvoor die staat, die universiteite, die onderwysdepartemente, en die onderwysers self staan nie. Nie die minste van hierdie probleme is die tekort aan onderwysers in 'n land waar 'n blanke bevolking van drie miljoen die opvoeding van 'n totale bevolking van byna 20 miljoen moet dra nie.

Ter stawing van my stelling hierbo dat ons onvoldoende opleiding in 'n ernstige struikelblok in die weg van 'n vernuwing van metodes is, net die volgende: Jare gelede was st. VI genoeg om 'n man vir die lewe voor te berei. Later is matriek as die minimum vereiste aanvaar. Vandag word al hoe meer gevoel dat 'n B-graad vir die behoorlike aanpassing in die ingewikkelde lewe nodig is. Indien die normale lewe hierdie eise stel, hoeveel hoër eise moet die onderwysberoep dan nie stel nie. In die V.S.A. is daar 'n massale kampanjie vir 'n algemene Kollege-opleiding aan almal en daarmee word bedoel ten minste 'n B-graad vir almal. So 'n graad kwalifiseer jou vir niks anders as net die lewe nie, en verleen slegs toegang tot nagraadse studie. Vir die onderwys is 'n M-graad dan ook 'n vereiste en nou onlangs het die Carnegie-Korporasie 'n spesiale ondersoek laat instel oor *The Education of Historians in the United States* en daarin is daar alleen sprake van 'n D-graad. Aan ons eie Universiteit is ons ondervinding al hoe meer dat die B-graad alleen 'n voorbereidende studie is, dat ons studente eers in die nagraadse studies voeling met die geskiedenis kry, dat daar 'n response tussen student en geskiedenis is en dat daar die welkome tekens van verslawing aan die vak is.

Wat nou is one eie posisie? Ek begin van onder af. Allereers is daar 'n versoening met die situasie dat studente wat 'n twee- en driejarige opleiding aan 'n kollege gehad het, geleidelik toegelaat word om in die hoërskool onderwys in geskiedenis te gee. Oor die gehalte van hierdie opleiding vir hierdie spesifieke doel, swyg ek. Ten tweede universiteitstudente, wat 'n een- of tweeparige kursus deurloop het, word ingespan om geskiedenis te doseer. Besef moet word dat hierdie kursusse geen afgeronde

eenhede is nie, maar alleen voorbereidend. Ten slotte tagtig persent van ons geskiedenisonderwysers is B.A.-studente wat deur jare van skade en skande die wysheid van die beproefde, beleë, gerespekteerde en gewaardeerde geskiedenisonderwyser word.

B. *Volgehoue studie*

Maar afgesien van die feit dat ons opleiding myns insiens onvoldoende geword het, is daar ook 'n gebrek aan volgehoue en voortgesette studie in die geskiedenis by ons onderwysers. Hiervoor kan 'n menigte redes aangevoer word. Miskien die belangrikste en dodendste is die tradisie van *afgestudeerdheid*. Met enkele verkwikkende uitsonderings beskou die meeste studente hulle as volleerd wanneer hulle die universiteit verlaat. Nooit kom hulle weer tot studie nie. Ons het nou juis die wrange ondervinding gehad dat studente geskiedeniswerke wat ons hulle verplig het om te koop en wat bedoel was as naslaanwerke vir hulle op skool, alreeds hier verkoop het. Maar nie alleen verkoop hulle die boeke nie, hulle koop nooit weer ander boeke nie.

Verdere redes waarom voortgesette studie nagelaat word, is die oorvol programme van onderwysers wat nie alleen aan hulle geen tyd, maar ook geen energie, vir verdere studie laat nie asook die gebrek aan doelbewuste en tasbare aanmoediging van owerheidsweë en van die hoofde. Trouens in my dae was dit ontmoedig.

Dus, primêr tot die vernuwing van onderrigmetodes is die vernuwing van ons opleiding en ons geestesingesteldheid. Alleen daardeur sal geen onderwyser hom as afgestudeerd, klaargemaak, beskou nie. Inteendeel dit sal die strewe van elke onderwyser word om die grootste intellektuele vitaliteit aan die dag te lê; om nooit in 'n groef te verval nie, om voortdurend op hoogte te bly van die vereistes van die gemeenskap, die behoeftes van die kind en boweal sy VAK. Dan sal daar nooit geen tevredenheid of voldaanheid met óns metodes wees nie; ons sal voortdurend eksperimenteer en uitbou. Ons sal nie alleen 'n reservoir van kennis wees nie, maar denkende, redenerende en intellektueel aktiewe historici.

Om nou hierdie primêre vereiste vir die vernuwing van ons onderrigmetodes te bewerkstellig wil ek die volgende pleidooi lewer en 'n aanbod maak:

(1) Ek wil pleit vir meer nagraadse studie deur ons onderwysers en 'n daadwerklike ondersteuning daarvan deur die departemente van onderwys en die provinsies. Laat ons liewer hierin geld belê, wat hoë dividende sal lewer, as in vry boeke wat nie alleen 'n kapitale nie, maar ook 'n sielkundige depresiasie sal meebring.

(2) Ek wil pleit vir 'n reorganisasie en vernuwing van ons U.O.D.-kursus waardeur dit in der waarheid 'n nagraadse kursus sal word; 'n kursus waarin daar weggedoen word met die fraaiings en gekom word tot 'n verdieping in daardie dissiplines waarin die studente van voorneme is om onderwys te gaan gee.

(3) Ek wil pleit vir volgehoue voortgesette studie by onderwysers.

IV. *Onderrigmetodes*

'n Verjonging en 'n uitbouing van ons kennis sal outomaties 'n verjonging selfs in die doodsbeendere van die só eksamen-ingestelde metodes bring. Dit sal daardie verskil in u metodes bring, wat nie so maklik onder woorde te bring is nie. Daardie x-faktor wat selfs van 'n slegte metode 'n goeie maak, wat van 'n dooie liggaam 'n lewende maak. Deur die intieme kennis van u vak is dit nie meer 'n abstraksie nie maar 'n belewing, 'n belewing wat u in staat stel om leerstof so aanskoulik en leersituasies so lewenseg en aktueel te maak dat die leerlinge hulle meer geredelik daarin kan inleef en indink en meer geredelik die sinvolheid daarvan kan insien.

Mar u sal sê, ek bly by die abstrakte en kom nie tot die konkrete nie. Ja ek doen dit, want die geskiedenis is 'n abstrakte dissipline en dit gaan nie om die skepping van splinternuwe wonder onderrigmetodes nie. Daar is trouens nie ander metodes as dig wat aan ons bekend is nie, maar dit gaan om die indra van 'n nuwe gees in u onderrigmetodes. Dit gaan om harder werk, om intenser toewyding, om entoesiasme, aan verslawing aan die geskiedenis.

Om ten slotte ietwat meer prakties te word: Daar is 'n verskeidenheid van metodes en variante van daardie metodes in die onderrig van geskiedenis. Om enkele te noem:

(1) *Die nota-metode*: Die gebruik van hierdie leunstoelonderrigmetode is nog lank nie iets van die verlede nie. Trouens die uiterstes waartoe dit gevoer word, is nouliks denkbaar, maar omdat dit geen aandag verdien nie, wy ek ook gen bespreking daaraan nie.

(2) *Die voorlesingsmetode*, wat wel by die universiteit tuishoort maar geen plek in die skool het nie.

(3) *Die handboek-leesmetode*, wat net ietwat swakker is as die nota-metode.

(4) *Die handboek-verduidelikingsmetodes*, waaraan ek die voorkeur gee en wat hom leen tot

(a) die gebruik van aanskouingsmiddele — swartbord, die geskiedenisprent, die uitstal van goeie prente, die skyfies, landkaarte, diagrammatiese voorstellings, modelle, ens.;

(b) die onderneem van reise;

(c) die instel van ondersoek oor historiese plekke en gebeure;

(d) die afneem van herinneringe;

(e) die lees van boeke en oorspronklike bronne oor 'n gebeurtenis. In die afgelope tyd sulke pragtige en goedkoop werke.

(f) die gebruik van tydskrifte, en dies meer.

## V. *Slot*

As ons arbeid is om ons self meester van ons vak te maak en indien ons bereid is om nooit met ons metodes selfvoldaan te wees nie, sal ons onbewustelik nie alleen 'n vernuwing van metodes aanbring nie, maar 'n vernuwing in die geskiedenisonderrig as 'n geheel. Ons kan hierdie dinge egter alleen doen deur voortdurende onderlinge besprekinge, raadpleginge en deur onderling met mekaar te verskil, want tereg het iemand gesê: „Geskiedenis is 'n gemeenskapsvak."

Prof. J. J. Oberholster.